Hoe Lerato die arend oorleef en gestreef het

Skrywer: *Else Röhrs*
Kunswerk: *Warren Linden*
Tema: *enkel-ouer huishouding, deursettingsvermoë*
Gepaste ouderdomsgroep: *alle ouderdomme*

Ouma Lerato is nogals 'n ou arend maar sy is nog sterk en sy kan nog ver vlieg. Lerato beteken liefde en liefdadigheid in seSotho, een van die tale van Suid-Afrika. Somtyds gaan sit sy op 'n rots hoog op in die berge en dink aan toe sy jonk was en die baie lesse wat sy in haar lewe geleer het.

Hierdie is Ouma Lerato se storie...

Baba Lerato was gebore in 'n nes hoog op in die berge. Die nes was gemaak uit stokkies en takkies – 'n sterk en stewige nes om die familie veilig te hou. Dit was gebrei met sagte veertjies om dit snoesig te maak. Daar was ander arend families wat ook in die berge gebly het, elkeen

met hulle eie nes op hulle eie rots. Lerato se mamma en pappa was altwee goeie jagters so haar magie was altyd vol. Hulle het beurte gemaak om vir kos te soek maar Mamma het meestal by haar gebly. Lerato was mal daaroor om onder haar mamma se snoesige, warm vlerk in te sluimer. Sy het somtyds uitgeloer na die pragtige valley daar onder maar die afdraend was so hoog dit het haar kop maak deurmekaar voel!

Een aand het Lerato se mamma gesê: "Ek wonder waar jou pappa is. Hy was nou al heeldag uit. Ek is regtig honger maar ek wil jou nie hier op jou eie los nie". Lerato se magie het ook van die honger gegrom. Sy en haar mamma het heel nag gewag maar Pappa het nooit teruggekom nie. Waar was hy? Het hy seergekry? Het hy gaan bly op 'n ander berg? Lerato en haar mamma het nie geweet nie en hulle was baie, baie bekommerd. Mamma Arend het Lerato herinner aan 'n gesegde wat sy gereeld gebruik: "Somtyds moet ons streef om te oorleef".

Die volgende oggend het Mamma gesê: "Lerato, ons kan nie meer langer wag nie. Ek moet gaan jag vir kos. Maar moenie stress nie – miskien kom Pappa terug terwyl ek weg is of miskien vind ek hom. Soet wees en bly in die nes. Moet net nie te naby aan die rand van die rots gaan nie. Jy kan dalk af val en jy weet nie hoe om te vlieg nie!".

Lerato het bang gevoel toe haar mamma wegvlieg en haar op haar eie los. Tyd het stadig verby gegaan en sy het meer en meer honger en meer en meer bekommerd geword. Die son het warmer en warmer geword en daar was geen skaduwee in die nes nie. Lerato het haar mamma se woorde onthou: "Soet wees en bly in die nes. Moet net nie te naby aan die rand van die rots gaan nie". Maar dit was regtig egtig baie warm so sy klim toe versigtig uit die nes om vir skaduwee te gaan soek. Daar was geen skaduwee op die rots nie – nie eers 'n bietjie nie. Sy gaan toe terug na die nes en sit haar kop onder haar vlerk en probeer wegkruip van die son.

Lerato het gewag en gewag en sy het meer en meer honger geword en meer en meer bang geword. Miskien sal Pappa nooit terugkom nie – en miskien sal Mamma ook nooit terugkom nie...

Na 'n lang ruk het Mamma teruggekom met 'n klein muis. Lerato het die muisie opgevreet en wou toe onder haar mamma se vlerk insluiwe om uit die son uit te kom maar daar was niks tyd daarvoor nie. Haar mamma moes dadelik weer vlieg om te gaan soek vir nog kos. Lerato was weer alleen gelaat en sy het regtig eensaam begin voel. "Ek kry so warm en is so honger en so bang ek dink ek gaan dood! Ek sal nie eers leer om te vlieg voordat ek doodgaan nie!" Maar haar mamma het altyd teruggekom met 'n bietjie kos – 'n likkewaan of 'n slang of 'n muis.

Dit het dag na dag so aangehou. Pappa het nooit teruggekom nie so Mamma moes dubbel skof werk om haarself en Lerato te voer. Sy moes Pappa se deel van die werk ook doen. Lerato was besig om vinnig te groei en om te leer hoe om te vlieg so sy het baie goeie kos nodig gehad. Mamma het haar beste probeer maar daar was dae wat Lerato honger moes gaan slaap het.

Mamma het nooit gekla nie maar sy het baie maer geword en was altyd moeg. Lerato was bekommerd maar was te jonk om te weet hoe om te help. Mamma het haar gereeld vertel: "Moet nooit ooit ooit opgee nie. Maak nie saak hoe moeilik dit word nie, ons sal aanhou, een dag op 'n slag".

Die nes was 'n groot gemors. 'n Paar van die takkies het uitgeval en die vere het weggewaai in

die wind. Die nes was nie meer sterk nie en Lerato het nie meer veilig gevoel nie. Maar Mamma het nie die tyd of die krag gehad om dit reg te maak nie. Die ander jong arende het vir Lerato begin terg oor haar deurmekaar nes. Hulle het vir haar en haar ma gelag en hulle lag het deur die valley ge-eggo. Lerato het gevoel asof daardie eggos diep in haar hart insny. Sy het skaam en verneder gevoel dat haar ne sanders was maar hulpeloos om dit in enige manier te verander.

Een aand was daar 'n aaklige donderstorm met baie wind. Die nes het weggeblaas maar Mamma het kalm gebly. Sy het gesê: "Ons moet by die berg afvlieg om 'n veiliger skuilplek te vind. Volg my en jy sal piekfyn wees". Maar in die storm het hulle mekaar verloor. Lerato het haar beste probeer om te vlieg maar haar vlerke was nie sterk genoeg om die sterk wind aan te vat nie. Die wind het haar rondgestamp en haar op die grond gegooi. Lerato het die aand nat en bibberend spandeer op 'n vreemde rots. Sy was baie bang maar het Mamma se gesegde onthou: "Streef om te oorleef". Dit het haar bietjie beter laat voel. Mamma het haar vroeg die volgende oggend gevind en haar vasgehou en haar gehelp om haar vlerke skoon te maak en haar bietjie kos gegee. Maar binnekort moes Mamma weer gaan om vir kos te gaan jag en om stokkies te vind om 'n nuwe nes op die nuwe rots te bou.

Lerato het nie van die nuwe plek gehou nie. Daar was klomp nuwe families daar en daar was 'n trop bobbejane in die berge. Dit was raserig en sy het nie veilig gevoel nie. Maar sy was gelukkig omdat haar mamma meer gereeld huistoe gekom het en meer kos gebring het. Sommige aande het Lerato en haar mamma langs mekaar op die nuwe rots gesit en gesels. Mamma het gereeld gesê: "Lerato, dinge is dalk nou moeilik, maar ek en jy sal nooit opgee nie. Ons sal altyd streef om te oorleef". Mamma sal dan vir Lerato 'n spesiale drukkie gee.

Soos wat Lerato grootgeword het het sy regtig goed geword met jag en vlieg. Sy was braaf en sterk en sy kon vir haarself sorg. Toe sy haar eie familie gekry het het sy altyd haar mamma se woorde onthou. Sy het vir haar kinders en kleinkinders vertel: "Streef om te oorleef. Maak nie saak hoe moeilik dit raak nie, moet nooit opgee nie! Hou aan, vat een dag op 'n slag. Leer hoe om moeilikheid te oorkom, moenie laat moeilikheid wen nie".

Maar daar het 'n dag gekom wat Ouma Lerato hoog in die berge gesit en dink het oor die lewe. Sy sê toe vir haarself: "Die gesegde wat my ma my geleer het was goed. Dit het ons gehelp in baie moeilike tye. Natuurik wil ek oorleef maar ek wil graag MEER met my lewe maak. Ek wil FLOREER so in die toekoms sal my woorde wees: probeer om te floreer. Dit is die gesegde wat ek vir my kinders en kleinkinders sal leer". Dit is die storie van hoe klein Lerato in florerende Ouma Lerato verander het.

?